CCPS CENTER FOR CHEMICAL PROCESS SAFETY
An AIChE Industry Technology Alliance

Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx


Boodskap aan bedryfspersoneel

Geborg deur CCPS Ondersteuners

# Meting van prosesveiligheidsprestasie

Augustus 2008

Die Beacon van Julie 2008 het die begrip"Prosesveiligheid" verduidelik. Die belangrike punt is gemaak dat tradisionele maatstawwe om veiligheidsprestasie te meet, soos beseringsindekse, tydsverliesbeserings, ens., nie 'n goeie maatstaf is van hoe goed ons presteer met prosesveiligheid nie. Hoe weet ons dan of ons prosesveiligheidsbestuurs-aktiwiteite suksesvol is? Hoe weet ons of ons prestasie jaar na jaar verbeter? Hoe weet ons of een aanleg beter presteer as ander? Hoe weet ons waar is probleme en waar om ons pogings te fokus om te verbeter? As die tradisionele veiligheidsmaatstawwe dan nie goed is om prosesveiligheid prestasie mee te meet nie, moet ons nuwe maatstawwe of meetinstrumente onwikkel wat meer geskik is.




Verskeie industrie-organisasies, soos CCPS, werk aktief aan die ontwikkeling van nuwe maatstawwe om prosesveiligheidsprestasie te meet. Hierdie nuwe maatstawwe kan egter slegs suksesvol wees as alle werkers in die prosesindustrie verstaan wat hierdie maatstawwe is en hoekom hulle nodig is. Dit is veral belangrik dat ons almal verstaan wat ons rol sal wees in die gebruik van die nuwe prosesveiligheidsmaatstawwe. Ons moet verstaan watter tipe insidente ons moet rapporteer, en hoe die rapporteringsproses in ons organisasie werk.

## Het jy geweet?

- CCPS, in samewerking met industriële, regerings- en arbeidsorganisasies, het 'n aantal maatstawwe ontwikkel om prosesveiligheidsprestasie te meet. Die verslag, met aanbevelings is in Desember 2007 uitgereik en is beskikbaar op die CCPS webwerf: http://www.aiche.org/ccps/
- Twee tipes maatstawwe word voorgestel: *Navolgende maatstawwe*, wat werklike uitkoms en historiese prestasie meet, soos byvoorbeeld die aantal prosesveiligheidsinsidente wat plaasgevind het. *Leidende maatstawwe*, meet die proses-veiligheidsbestuursaktiwiteite, en is handig om toekomstige prestasie te voorspel.
- *Navolgende maatstawwe* meet byvoorbeeld die aantal vrylatings of verspillings van gevaarlike stowwe uit aanlegtoerusting, vrylating van energie, brande, ontploffings en prosesverwante beserings.
- *Leidende maatstawwe* meet byvoorbeeld die meganiese integriteit van 'n aanleg, afhandeling van prosesveiligheids-aksielyste, bestuur van aanlegveranderinge en opleiding in prosesveiligheid.

## Wat kan jy doen?

- Verstaan wat jou maatskappy doen om prosesveiligheidsprestasie te meet. Leer en verstaan die spesifieke maatstawwe wat jou maatskappy gebruik.
- Watter tipes insidente moet gerapporteer word volgens jou maatskappy se program om prosesveiligheidsprestasie te meet.
- Jy moet weet hoe werk die proses om insidente te rapporteer.
- Wees nougeset en akkuraat in die rapportering van insidente. Jou maatskappy kan nie prosesveiligheid verbeter as hulle nie weet van insidente wat plaasvind nie.
- Verstaan die leidende maatstawwe van prosesveiligheidsprestasie vir jou aanleg en hoe om dit te rapporteer.
- Laai die CCPS-verslag, wat handel oor die meting van prosesveiligheidprestasie, van die CCPS-webtuiste af en lees dit.

***Hoe meet jou maatskappy prosesveiligheidsprestasie?***

AIChE © 2008. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 212-591-7319

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Persian, Polish, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Tamil, Thai, Turkish, and Vietnamese.**